## Geliefde kinders Les 02: Ons is God se geliefde kinders, nie sy arbeiders nie.

1. **Mense was in die tyd van die Bybel vir geld verkoop.**
In die Bybelse tyd was daar mense wat slawe was. Slawe was mense wat gekoop is net soos ’n mens ’n kar, ’n huis of ’n rekenaar vandag koop. In die Bybelse tyd kon jy mense koop nes enige iets anders. Dit het só gewerk: as jy te veel geld uitgegee het en te veel skuld gemaak het om mense terug te betaal, dan het die mense wat hulle geld by jou wou hê, jou gevat en vir geld verkoop. Dit was ’n manier waarop hulle hul geld terug gevat het. Hulle vat jou en verkoop jou vir geld.

Dit is wat ’n slaaf is: ’n slaaf is iemand wat verkoop is om vir iemand anders te werk.

Vandag is daar nie meer in ons land slawe nie. Ons word nie meer verkoop nie. Mense wat nou vir ander mense werk noem ons arbeiders of werknemers.

2. **Ons is God se geliefde kinders.**
Die Here wys vir ons in die Bybel hoe ons sy geliefde kinders is deur te sê ons is nie sy slawe of arbeiders nie. Kyk hoe sê die Here dit vir ons in die boek Romeine in die Bybel: “ 15 Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader. 16 Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.”

Die wyse waarop die Here ons sy liefde gee, is deur sy Gees. By mense werk dit amper so! Liefde binne in ’n mens is nie iets sigbaars waaraan ons kan vat nie. Liefde kom uit die hart van mense. Dit is nie iets wat ons kan sien soos hande, voet en arms nie. Ons gebruik ons hande en arms om vir mense te wys ons is lief vir hulle. Maar liefde self is onsigbaar.

God se liefde vir ons is ook nie iets sigbaars nie. Dit is iets wat binne in God is en uit God se binneste kom. Daarom noem die Bybel dat God ons sy Gees gee. God het ons binne in Homself lief en Hy gee ons liefde wat uit sy binneste kom.

Hierdie Gees wat God ons gee, is God se liefde wat Hy ons uit sy binneste gee: daarom sê Paulus net ’n bietjie vorentoe in die boek Romeine: “…God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.”

Ons is God se geliefde kinders. God stort sy liefde elke dag in ons harte uit. Hy is werklik vir ons lief. Hy gee ons elke dag hierdie werklike liefde. Daarvan is al die goeie dinge wat die Here vir ons sigbaar gee ’n bewys. Hy gee ons lewe. Hy gee ons ’n wonderlike aarde om op te bly. Hy gee ons suurstof wat ons inasem en laat ons lewe. Hy gee ons water wat ons drink. Hy gee die aarde se plante en diere vir ons as kos. Hy gee ons ’n son wat al die lewe op die aarde aan die gang

hou. Hy gee vir ons net die regte hitte en koue sodat ons kan leef deur die wyse waarop die Here die aarde om die son laat draai.

3. **Ons is nie die Here se werkers nie**.
Ons is God se geliefde kinders. Ons is nie sy werkers of slawe nie. Kom ons lees weer die verse uit Romeine en dan kyk julle hoe sê die Here dit vir ons! " [15] Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. [16] Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is." Die Gees wat die Here ons gee, maak ons nie slawe nie. Dit maak ons sy kinders. Die liefde wat die Here vir ons het en in ons harte uitstort maak ons sy kinders, nie sy werkers nie.

4. **Slawe is bang. Kinders het lief.**
Wat is die verskil tussen kinders en werkers? Kom ons vat die boere as 'n voorbeeld. Boere het kinders en boere het mense wat vir hulle op die plaas werk. Wat is die verskil tussen die boer se kinders en die boer se werkers?

Die Bybel wys vir ons die belangrikste verskil. Die verse sê dit só: slawe lewe in vrees vir hulle eienaar, maar kinders noem hierdie eienaar waarvoor die arbeiders so bang is: "Vader".

Wat noem 'n boer se werkers hom? Hulle noem hom "meneer", "baas", "my koning" en nog baie ander name in ander tale. Al hierdie name wys dat hulle luister as hy met hulle praat. Maar dit is nie sommer maar net luister nie. Dit is luister omdat hulle bang is.

Waarvoor is 'n werker so bang dat hy altyd luister as 'n boer vir hom sê wat hy moet doen? Hulle is bang hulle gaan nie betaal word nie. Hulle is bang hulle gaan weggejaag word. Werkers luister altyd omdat hulle bang is om hulle geld of werk te verloor.

Wat noem die boer se kinders hom? Hulle noem Hom "pa"! Wat wys die kinders vir die boer as hulle hom "pa" noem? Wys hulle dat hulle sal luister as hy praat? Is dit hoekom kinders hulle pa, "pa" noem, omdat hulle altyd luister wat hy sê? Nee, hulle wys iets anders. Hulle wys dat hulle hom vertrou en liefhet.

Kinders vertrou hulle pa om hulle lief te hê. Kinders het hulle pa lief omdat hy hulle altyd liefhet.

Dit is die grootste verskil tussen werkers en kinders. Die boer is vir die werkers iemand waarvoor hulle bang is. Die boer is vir sy kinders iemand wat hulle vertrou dat hy hulle liefhet. Daarom het hulle hom ook lief.

Slawe is bang. Kinders het lief!

5. **Ons vertrou God se liefde en sy liefde maak ons lief vir Hom**.

Is ons God se slawe of is ons God se kinders?

Kyk weer wat doen God met ons: “Hy stort sy liefde in ons hart uit”. Dit is nie iets wat ’n mens met ’n werker doen nie. ’n Mens stort nie jou liefde in jou werkers se harte uit nie. Jy betaal hulle om vir jou te werk. Stort God sy liefde in ons harte uit of betaal Hy ons vir ons werk?

Ons is God se geliefde kinders. Ons werk nie vir die Here nie. Die Here betaal ons nie vir werk nie. Hy het ons lief. Daarom noem ons God “ons Vader”. Omdat ons Hom vertrou dat Hy ons altyd liefhet en omdat sy liefde vir ons maak dat ons Hom ook wil lief hê.

6. **Ons vrees nie God nie**.
God is ons Vader. Hy stort sy liefde in ons harte uit.

Kan ons ooit bang wees dat God ons gaan afdank soos wat besighede hulle werkers afdank?

Nee. Want ons is nooit God se werkers nie. Ons is en bly altyd sy kinders. ’n Mens kan mos nie jou kinders afdank nie? Kinders is altyd jou kinders. Jou pa is altyd jou pa. God is altyd ons Vader en ons is altyd sy geliefde kinders.

Kan ons ooit bang wees dat God ons nie meer gaan betaal nie, omdat ons nie luister na wat Hy vir ons sê nie?

Kan dit ooit so werk dat God vir ons lewe gee, gesondheid gee, water gee, suurstof gee en kos gee, maar dit wegvat as ons nie na Hom luister nie?

Nee. Want God betaal ons nie om na Hom te luister nie. Alles wat Hy vir ons gee, gee Hy omdat Hy ons lief het en ons sy kinders is. ’n Mens betaal mos nie jou kinders met kos en klere omdat hulle na jou luister nie. Jy sorg vir hulle omdat jy hulle lief het. Nie omdat hulle na jou luister nie!

God sorg vir ons omdat ons sy geliefde kinders is en Hy ons Vader is. Ons is nooit God se werkers wat betaal word omdat ons luister nie.

7. **Opsomming**:
Ons is God se geliefde kinders, nie sy werkers nie. Hy stort sy liefde in ons harte uit. Ons noem Hom “Vader” omdat ons Hom vertrou om ons lief te hê. Ons noem Hom “Vader” omdat sy liefde maak dat ons Hom ook wil lief hê.

8. **Opdrag.**
Gaan vra vir pa, ma of enige grootmens: is ons God se werkers of God se kinders? Dan gesels julle met hulle oor die les. Onthou: werkers is bang hulle verloor hulle geld of werk, maar kinders vertrou dat hulle pa-hulle sal lief hê en versorg.